

Produksie van kanola, gars oortref rekords

Deur AMELIA GENIS

Groot kanola- en garsoeste stel ewe groot eise aan silo-eienaars vir opberging en die twee verwerkers wat die enigste kopers daarvan is.

Mnr. Kellie Becker, besturende direkteur van Soill (Southern Oil Ltd.) op Swellendam, sê dit is verreweg die grootste kanola-oes wat daar nóg in die Suid-Kaap behaal is. "Dis 45% groter as verlede jaar se oes en oortref ons vorige grootste oes van 44 000 ton met meer as 10 000 ton. Ons het tot dusver net meer as 56 000 ton ontvang en verwag dat die totale inname 57 000 tot 58 000 ton gaan wees."

Hy meen die groot graanoes wat vanjaar in dié streek behaal is, het die opbergingsruimte meer onder druk geplaas as wat dit hul vermoë om groter hoeveelhede te verwerk, beïnvloed het. "Ons is reg om die oes te verwerk en is besig om onself te posisioneer vir selfs groter produksie ten opsigte van ons vermoë om kanola op te berg, te hanteer en te verwerk." ►

Kanola, gars

◀ Nagelang van watter opsie 'n boer gekies het, is die finale prys vir kanola vanjaar R3 950/t en die vaste prys of minimum prys R3 800/t.

Mnr. Leon Groenewald, voorsitter van die Suid-Kaapse en nasionale garsbedryfskomitees, sê hulle het nog nie die finale oessyfers vir gars nie, maar meen ook dat vanjaar se oes aansienlik groter gaan wees. SABMiller, eienaar van die enigste plaaslike vermoutingsaanlegte, het vanjaar sy mandaat van 150 000 ton moutgars verhoog tot 185 000 ton deur invoerkontrakte te beëindig, dog dit het sy kapasiteit versadig. Groenewald sê hulle

sal nou eers moet vasstel hoeveel moutgars daar bo dié mandaat is voordat die volgende stappe gedoen word. Hy kan wel sê dat hulle voor oestyd al 'n "plan B" gehad het.

Groenewald sê hy het SABM ook gevra om ondersoek in te stel na die moontlikheid om moutgars op te neem in hul mouterye in die ander dele van die wêreld. "Indien dit werklikheid word, sal dit buite die binnelandse mandaat en teen uitvoerkoste geskied." Hy het benadruk dat garsuitvoer eers oorweeg kan word as die finale moutgars-oes bekend is, en dat nie een van die partye hulle nog tot enigiets verbind het nie.